**Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek 2**
FitzPatrick Institute of African Ornithology
DST-NRF Centre of Excellence
Universiteit van Kaapstad
Rondebosch 7701
Suid-Afrika

Foon +27-21-6502966
Fax +27-21-6503295

**E-pos:** sabap2@birdlife.org.za
**Web:** http://sabap2.adu.org.za/

# AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Die tweede Suider-Afrikaanse Voëlatlasprojek (SABAP2) is in 2007 geloods. Hierdie projek volg op die Suider-Afrikaanse Voëlatlas Projek (SABAP1) wat vanaf 1987 tot 1991 geduur het. SABAP2 bou voort op die suksesvolle data insameling van SABAP1 soos gepubliseer in The Atlas of Southern African Birds. SABAP2 is 'n projek van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI), FitzPatrick Institute of African Ornithology (Fitz) en BirdLife Suid-Afrika (BLSA).

Die hoofdoel van SABAP2, en ander projekte onder die BirdMap vaandel, is om die verspreiding en populasie van voëls in Suid-Afrika te bepaal. In Suidelike Afrika is 'n belangrike doel van die projek om te bepaal hoe die verpreiding van voëls deur die laaste paar dekades verander het. 'n Verdere doelstelling is om die publiek meer bewus te maak van voëls en hulle te betrek as burgerlike wetenskaplikes ("citizen scientists") by die insameling van data. Voëlliefhebbers kan deelneem deur 'n lys van voëlspesies wat in 'n vyf-minuut x vyf-minuut (breedte en lengtelyne) area (omtrent 9 km x 8 km) oor 'n tydperk van vyf dae waargeneem is, op te stel. Hierdie inligting word dan na 'n databasis by die Universiteit van Kaapstad gestuur. Dit is belangrik dat deelnemers soveel as moontlik van die area sal dek, om sodoende te verseker dat die voëllyste 'n ware aanduiding is van die voëls wat in die betrokke area voorkom.

Eienaars of bestuurders van privaat eiendom kan 'n belangrike bydrae lewer tot die sukses van SABAP2 deur deelnemers toegang tot private grond te gee. Dit maak dit vir deelnemers makliker om soveel moontlik van die betrokke pentad te atlas. As geregistreerde deelnemers moet atlasers gehoor gee aan die gedragskode vir voëlkykers (https://www.birdlife.org.za/wp-content/uploads/2018/01/BLSA-Code-of-Conduct-Eng.pdf) soos deur BirdLife Suid-Afrika opgestel.

As u enige navrae of vrae oor SABAP2 of 'n SABAP2 deelnemer het, kan u Ernst Retief van BirdLife Suid-Afrika kontak (Tel. 082 325 6608, e-pos: ernst.retief@birdlife.org.za).

Groete

**Prof Peter Ryan**
Direkteur: FitzPatrick Institute of African Ornithology
Universiteit van Kaapstad